basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**EKONOMIE V2**

**2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.**

**Approved**

N Pillay
Internal Moderator
09/06/2023

**Approved**

**MLL Rambuda**
External Moderator
09/06/2023

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

**1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 C - marginale✓✓

1.1.2 A - advertensie ✓✓

1.1.3 B - produktief ✓✓

1.1.4 D - totale koste ✓✓

1.1.5 B - geadministreerde ✓✓

1.1.6 A - transito✓✓

1.1.7 D - lug-✓✓

1.1.8 C - kwaliteit ✓✓ (8 x 2) (16)

**1.2 PASITEMS**

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 | D - | werklike uitgawes van 'n besigheid soos lone en huur✓ |
| 1.2.2 | I - | 'n bemarkingstrategie waardeur firmas poog om verkope te laat toeneem deur metodes soos verlengde winkelure ✓ |
| 1.2.3 | E - | vasgestel bo die markewewig om die produsent te help om 'n wins te maak✓ |
| 1.2.4 | B - | deur verbruikers aangegaan wanneer hulle goedere koop.✓ |
| 1.2.5 | A - | het op die lewenskoste betrekking ✓ |
| 1.2.6 | H - | die aktiwiteit van mense wat reis na of bly in plekke anders as hul gewone omgewing vir nie langer as 'n jaar nie✓ |
| 1.2.7 | C - | 'n verskeidenheid plant- en dierspesies in 'n bepaalde gebied✓ |
| 1.2.8 | F - | gehef op die uitset van goedere wat ekstra koste genereer✓ |

(8 x 1) (8)

**1.3 GEE DIE TERM**

1.3.1 Langtermyn ✓

1.3.2 Sluiting ✓

1.3.3 Sosiale voordeel ✓

1.3.4 Stagflasie ✓

1.3.5 Binnelandse toerisme ✓

1.3.6 Ontbossing ✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -05- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

NP MLL

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem TWEE tipes kostes wat gebruik word om die totale koste van 'n firma te bereken.**

- Veranderlike ✓
- Vaste ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe los die owerheid die uitdaging van 'n ooraanbod van niemerietegoedere op?**

Owerheid hef belasting soos sondebelasting om die verbruik van goedere te ontmoedig wat die hoeveelhede verskaf sal verminder.✓ ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer enige EEN term in die uittreksel wat met prysbepaling verband hou.**

Vraag/Aanbod ✓ (1)

2.2.2 **Noem die markstruktuur waar prysvasstelling algemeen is.**

Oligopolie ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *kartel*.**

Dit is 'n organisasie van firmas wat byeen kom en soos 'n monopolie funksioneer/ Firmas wat byeenkom om die hoeveelheid te beperk en pryse vas te stel. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Verduidelik die rol van die Mededingingskommissie in die ekonomie.**

- Mededingingskommissie ondersoek, reguleer en evalueer beperkende besigheidspraktyke, misbruik van dominerende posisies en samesmeltings in verskillende markte.. ✓✓
- Maak aanbevelings aan die Mededingingstribunaal oor strawwe wat opgelê moet word aan besighede wat skuldig bevind word
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP MLL

2.2.5 **Hoe kan lae pryse die vervaardigers van goedere en dienste negatief beïnvloed?**

- Die produsente mag nie bevoeg wees om voldoende inkomste te maak om produksiekoste te dek nie.
- Laer winste mag tot gevolg hê dat besighede nie hul werknemers kan betaal nie, wat tot afdankings lei
- Beleggers mag hul investering onttrek wat tot gevolg is dat produsente nie genoegsame fondse het om met besighede voort te gaan nie.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die oorspronklike markprys op die grafiek hierbo.**

P ✓ (1)

2.3.2 **Noem enige EEN produk waarop die owerheid 'n subsidie aan verbruikers kan aanbied.**

- Bruin brood ✓
- Openbare vervoer ✓
- Melk ✓
- Behuising ✓
- Son panele✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *markmislukking.***

Markmislukking vind plaas wanneer die markkragte van vraag en aanbod misluk om hulpbronne doeltreffend aan te wend. / Markmislukking bestaan wanneer die beste beskikbare (optimale) produksie-uitset nie behaal is nie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Verduidelik die effek van subsidies op produsente van goedere en dienste.**

- Die subsidie help om die produksiekoste vir die produsent te verlaag..✓✓
- Die produsente sal meer goedere en dienste vervaardig en verkoop teen laer pryse. ✓✓ (2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP MLL

2.3.5 **Waarom is markte teësinnig (onwillig) om openbare goedere en dienste te produseer?**

- Voorsiening van openbare goedere is nie winsgewend nie wat private besighede kan ontmoedig. ✓✓
- Openbare goedere is nie-uitsluitbaar en verbruik kan nie net beperk word tot diegene wat daarvoor betaal het nie✓✓
- Daar is geen manier om te bepaal hoeveel openbare goedere 'n persoon verbruik het nie en daarom is daar geen basis om 'n markprys vas te stel nie. ✓✓
- Hoë aanvangskapitaal word benodig om openbare goedere te voorsien wat private besighede nie het nie. ✓✓
- Openbare goedere is nie-mededinging wat beteken dat verbruik deur een persoon nie verbruik deur 'n ander individu verminder nie, dus kan die mark nie 'n prys vir hierdie goedere bepaal nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Verduidelik kortliks *onbeweeglikheid van produksiefaktore en onvolmaakte mededinging* as oorsake van markmislukking.**

**Onbeweeglikheid van produksiefaktore**

- Produksiefaktore is dikwels onbeweeglik en neem tyd om van een plek na 'n ander te beweeg.
- Die aanbod van geskoolde arbeid / entrepreneurs kan nie verhoog word nie weens die tyd benodig om geleer of opgelei te word.
- Land en fisiese kapitaal, soos fabrieksgeboue of infrastruktuur, soos telefoonlyne, kan nie maklik verplaas word nie. ✓✓
- Strukturele veranderinge, soos die produksie van plastieksakke na papiersakke, mag tyd neem vir werkers om aan te pas. ✓✓
- Tegnologiese verandering mag werkers benodig om aanpasbaar en ywerig te wees om hul vaardighede regdeur hul lewens op datum te hou. ✓✓

**Onvolmaakte mededinging**

- Mededinging in mark-ekonomieë is beperk deur die mag van sekere produsente wat nuwe besighede verhoed om die mark toe te tree.
- Hindernisse tot toegang word geskep as gevolg van advertensie, 'n tekort aan kapitaal en die beheer van hulpbronne.
- Die onvolmaakte mark laat nie prysonderhandelings toe nie.
- Advertensies word gebruik om produsente se soewereiniteit (dominansie) te bevorder, wat verbruikers aanmoedig om bestaande produkte te koop. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (2 x 4) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP MLL

2.5 **Hoe kan 'n uittrede van firmas in 'n volmaakte mark die ekonomie beïnvloed?**

- Daar sal 'n afname in mededinging wees as gevolg van beperkte aantal firmas in die mark. ✓✓
- Pryse van goedere en dienste sal waarskynlik styg as gevolg van 'n afname in aanbod.✓✓
- Werkloosheidsvlakke sal vermeerder soos sommige firmas die mark sal verlaat. ✓✓
- Die totale vraag vir goedere en dienste sal afneem wat te wyte is aan 'n afname in indiensnemingsvlakke. ✓✓
- Die oorblywende besighede mag ekonomiese wins geniet wat te danke is aan 'n styging in pryse.✓✓
- Owerhede sal minder inkomste invorder wat te wyte is aan verminderde aantal besighede in die ekonomie. ✓✓
- Verbruikers sal 'n beperkte verskeidenheid van goedere en dienste het om van te kies. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (8)

**[40]**

NP MLL

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem enige TWEE maniere om inflasie te meet.**

- Indekse/(VPI/PPI) ✓
- Gewigstoekenning (Mandjie van goedere en dienste) ✓
- Inflasiekoers ✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe dra toerisme positief tot die Bruto Binnelandse Produk (BBP) by?**

- Toerisme kan direk tot die BBP bydra wanneer beide inwoners en nie-inwoners op ontspanning en akkommodasie bestee. ✓✓
- Die indirekte bydra van BBP vind plaas deur van verskaffers van goedere en dienste te koop wat direk met toeriste verband hou, ✓✓ bv. verkope gedoen deur skoonmaakdienste vir hotelle en spyseniering. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die maand en jaar toe die inflasiekoers bo die inflasieteiken was.**

Jul 2022 ✓ (1)

3.2.2 **Gee EEN moontlike rede vir 'n verhoging in die inflasiekoers in 2022.**

- Styging in internasionale olieprys/brandstofprys/vervoerkoste✓
- Styging in voedselpryse ✓
- Elektrisiteitstekorte ✓
- Rusland/Oekraïne oorlog✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *kerninflasie*.**

Dit is 'n tipe inflasie wat items in die VPI-mandjie uitsluit met hoogs onstabiele pryse en daardie goedere waarvan die pryse deur owerheidsinmenging en -beleid beïnvloed word.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik die rede waarom die Suid-Afrikaanse Reserwebank rentekoerse verlaag wanneer die inflasiekoers onder 3% is.**

- Om totale vraag te stimuleer wat die vlak van ekonomiese aktiwiteit sal verhoog. ✓✓
- Om lenings goedkoper te maak wat verbruikersbesteding en beleggings sal aanmoedig. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

NP
MLL
(2)

3.2.5 **Hoe beïnvloed inflasie die verskillende deelnemers in die ekonomie sielkundig?**

- Verbruikers se vertroue kan afneem en sodoende verbruikersbesteding verminder en besparing verhoog in instrumente wat inflasie-gekoppel is of bo inflasiekoers is ✓✓
- Wanneer inflasie hoog is, verwag verbruikers dat pryse verder sal styg en begin hulle meer goedere en dienste koop. ✓✓
- Gedurende tye van inflasie wil vakbonde hul lede se reële inkomste beskerm deur hoër lone te eis. ✓✓
- Besighede kan die prys van goedere en dienste vooraf verhoog om hul winsmarges te beskerm. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die tipe toerisme wat deur die prent hierbo uitgebeeld word.** (1)

Kulturele toerisme ✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 0 9
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.3.2 **Noem enige EEN Wêrelderfenisterrein wat in Suid-Afrika voorkom.**

- Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap ✓
- Richtersveld Kulturele & Botaniese Landskap (Noord-Kaap) ✓
- iSimangaliso-vleilandpark (KwaZulu Natal) ✓
- Kaapse blommestreek (Wes-Kaap en Oos-Kaap) ✓
- Wieg van die Mensdom (Gauteng / Noordwes) ✓ (1)
- Mapungubwe Kultuurlandskap (Limpopo) ✓
- Robbeneiland (Wes-Kaap) ✓
- Ukhahlamba/Maloti Drakensberg Park (KwaZulu Natal) ✓
- Vredefortkoepel (Vrystaat) ✓
- Khomani-kultuurlandskap (Noord-Kaap) ✓
- Barberton Makhonjwa-berge (Mpumalanga) ✓

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *inheemse kennisstelsel* (IKS).**

Plaaslike of tradisionele kennis verwant aan 'n spesifieke kultuur of geloof. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Verduidelik die voordeel van investering in toerisme infrastruktuur.**

- Meer toeriste sal na die land gelok word aangesien hulle voldoende en goed onderhoudende infrastruktuur geniet. ✓✓
- Suid-Afrika sal bevoordeel word omdat al die infrastruktuur wat gebou is om toerisme te ondersteun 'n bate vir die land word✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Hoe kan toerisme-aktiwiteite tot omgewingstres (uitdagings) lei?**

- Permanente omgewingsherstrukturering soos infrastruktuur ontwikkeling van paaie, lughawens en akkommodasie kan omgewingstres veroorsaak.
- Afvalproduk-voortbrenging mag gesondheidsgevaar veroorsaak en die aantreklikheid van 'n toeriste bestemming beïnvloed. NP MLL
- Toeriste-bedrywighede soos die vernietiging van koraalriwwe,

plantegroei en duine mag tot direkte omgewingstres lei. ✓✓

- Migrasie van mense van plattelandse na stedelike gebiede het tot verhoogde stedelike-digtheid tot gevolg wat stres op die omgewing veroorsaak. ✓✓
- Die verlies aan wild as gevolg van safari-jag en skade aan natuurlike terreine ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek kortliks *huishoudelike verbruik* en *owerheidsbesteding* as oorsake van vraagtrek-inflasie.**

**Huishoudelike verbruik**

- 'n Afname in persoonlike inkomstebelasting sal tot gevolg hê dat huishoudings meer beskikbare inkome aan goedere en dienste kan bestee. ✓✓
- Laer rentekoerse sal tot gevolg hê dat krediet makliker bekombaar is wat tot hoër beskikbare vlak van inkome sal lei, daardeur die vraag na goedere en dienste verhoog.✓✓
- Verminderde spaar sal tot verhoogde verbruik van goedere en dienste lei.✓✓

**Owerheidsbesteding**

- Owerheids*besteding op infrastruktuur* vereis hoë bedrae van produksie-insette en arbeid wat vraag na goedere en dienste stimuleer. ✓✓
- 'n Vermeerdering in *verbruikersbesteding* deur die owerheid soos gesondheidsdienste sal vraagtrek-inflasie veroorsaak as die ooreenstemmend nie toeneem nie.✓✓
- 'n Vermindering in sosiale bestedingsprogramme soos Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP) sonder 'n toename in aanbod sal vraagtrek-inflasie stimuleer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (2 x 4) (8)

3.5 **Waarom is toerisme in ontwikkelende lande belangrik om armoede te verlig?**

- Dit is 'n bron van buitelandse valuta en werkskepping aangesien toerisme arbeidsintensiewe nywerhede bevoordeel..✓✓
- Die belas van toeriste skep die nodige fondse om die infrastruktuur, onderwys en gesondheid van die armes te verbeter.✓✓
- Dit neem in diens baie vroue wat tot geslagsgelykhede en vrouebemagtiging in ontwikkelende lande by dra. ✓✓
- Besit van plaaslike klein besighede word bevoordeel omdat hulle deur toeriste veral in plattelandse gebiede ondersteun word.✓✓
- Toerisme lei tot indiensneming diversifikasie wat die kwesbaarheid van die armes verminder.✓✓
- Omdat toerisme die vinnigste groeiende bedryf is, sal meer mense skynbaar die voordeel daarvan geniet.✓✓
- Toerisme verskaf 'n aantal werke wat geen formele opleiding benodig nie, wat die koste aan die armes verminder.✓✓
- Die armes kan toerisme produkte verskaf wat gebou kan word uit natuurlike hulpbronne en kulturele erfenis.✓✓

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP
MLL

- Die armes kan formele besighede van goedere verskaf wat aan toeriste verkoop word, byvoorbeeld vir kurio-winkels.✓✓
- Toerisme neem 'n hoë proporsie jeugdiges onder die ouderdom van 25 in diens wat kan gebruik word as leër vir beter geleenthede.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (8)
**[40]**

NP MLL

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 0 9
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **Noem enige TWEE groepe werkers wat uit minimum lone voordeel trek.**

- Plaaswerkers ✓
- Huishulpe ✓ (2)
- Uitgebreide openbarewerke-programwerkers ✓
- Leerlingooreenkomste werkers ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1)

4.1.2 **Hoekom verkies internasionale toeriste Suid-Afrika as toerisme-bestemming?**

Die land bied internasionale toeriste die volgende voordele:
- gunstige klimaattoestande✓✓
- gunstige wisselkoerse ✓✓
- wêreld in een land✓✓
- die vriendelikheid van die Suid-Afrikaanse mense✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die mark waarin die vraagkurwe 'n dalende helling toon.**

B ✓ (1)

4.2.2 **Wat is die aard van die produkte wat in 'n volmaakte mark verkoop word?**

Homogeen/identies ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *gemiddelde inkomste.***

Die inkomste ontvang vir elke eenheid van 'n produk verkoop. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Waarom vind individuele firmas dit maklik om 'n volmaakte mark te betree?**

- Daar is geen regulasies of beperkings om tot die mark toe te tree of uit te tree nie.✓✓
- Gedane koste soos advertensies is laag aangesien produkte reeds bekend is in die mark.✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION
NP MLL

4.2.5 **Bereken die marginale inkomste vir mark B by hoeveelheid 2. Toon ALLE berekeninge.**

MI =Δ TR/ΔQ
= (16 – R10) ✓/(2 – 1)✓
= 6/1 ✓
= **6** ✓ (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer 'n voorbeeld van ekotoerisme uit die uittreksel hierbo.**

- Pragtige natuurlandskappe ✓
- Wildreservate ✓ (1)

4.3.2 **Gee EEN rede vir 'n afname in toerisme in April 2020.**

- Inperkings/Covid-19 ✓
- Vervoerbeperkings ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *ontspanningstoerisme.***

Wanneer mense op vakansie gaan om sport te speel of vriende te besoek.✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.3.4 **Waarom is inheemse kennisstelsels (IKS) vir toeriste belangrik?**

- Toeriste wil die inheemse/ plaaslike kultuur, geskiedenis en omgewing verstaan. ✓✓
- Toeriste soek oorspronklike (outentieke) en unieke toeriste gebiede. ✓✓
- Toeriste wil sien hoe plaaslike mense leef en werk. ✓✓ (2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.3.5 **Hoe los toerisme die probleem van werkloosheid in Suid-Afrika op?**

Toerisme verskaf:
- Indiensneming aan baie verskeie soorte van vaardighede soos toeristegidse, hotelpersoneel, ens.✓✓
- Onmiddellike indiensneming omdat baie werksposisies nie onderwyskwalifikasies vereis wat lang periodes van tyd neem om te bekom nie.✓✓
- Geleenthede vir inwoners om entrepreneurs te bekom soos om kunswerke te verkoop. ✓✓


(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 0 9
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP MLL

4.4 **Verduidelik maksimum pryse as 'n gevolg van markmislukking met behulp van 'n korrek benoemde grafiek.**

| |
|---|
| Korrekte benoeming van die asse= 1 punt<br>Korrekte benoeming op die asse = 1 punt<br>Korrekte teken en benoeming van kurwes = 1 punt<br>Aanduiding van maksimumprys = 1 punt<br>**Maks. 4 punte** |




- Die owerheid stel 'n maksimum plafonprys onder die markprys vas om goedere meer bekostigbaar te maak. ✓✓
- Maksimumpryse laat die armes meer toegang tot sekere goedere en dienste toe. ✓✓
- Aanvanklik is die markewewigsprys P /20 en die ewewigshoeveelheid Q/50. ✓✓
- Die owerheid gryp in met wetgewing wat bepaal dat produk vir nie meer as P1/15 verkoop mag word nie. ✓✓
- Die effek van die maksimumprys is dat die hoeveelheid aangebied na Q1/100 daal en die hoeveelheid gevra styg na Q2/200✓✓
- Maksimumpryse mag 'n tekort van goedere in die ekonomie veroorsaak; hulle verbeter egter die welvaart van sommige verbruikers aangesien goedere teen redelike pryse gekoop kan word.
- Swartmarkte ontstaan omdat produsente hoër pryse mag vra as die maksimum prys

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

  **(Ken 'n maksimum van 4 punte vir verduideliking toe)** (8)

NP MLL

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) die monetêre beleid gebruik om inflasie te bestry?**

- Die SARB kan inflasie bestry deur die repokoers te verhoog wat dit duur maak om geld te leen. ✓✓
- Banke skuif die verhoogde koste van leen (repokoers) aan hul kliente deur die rentekoerse te verhoog. ✓✓
- Hoë rentekoerse ontmoedig verbruikers om onnodige krediet te neem, ontmoedig verbruikersbesteding. ✓✓
- Die SARB kan direk die aanbod van geld verminder deur owerheidseffekte in die opemark te verkoop. ✓✓
- Handelsbanke word verwag om 'n sekere minimum kontantreserwes by die sentrale bank te hou. ✓✓
- 'n Verhoging in die kontantreserwevereiste beperk die bedrag geld wat banke as krediet kan uitgee en help om inflasie te bestry. ✓✓
- Die SARB kan handelsbanke oorreed om op 'n verantwoordelike manier op te tree wanneer krediet onder inflasionêre omstandighede toegeken word. ✓✓
- Morele oorreding help om inflasie te verlaag want krediet sal aan minder verbruikers toegestaan word. ✓✓
- Die SARB kan die waarde van die geldeenheid reëvalueer wat tot meer ingevoerde goedere in die land sal lei en daardeur totale vraag verhoog. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

NP MLL

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 0 9
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**

- **Ondersoek die kenmerke van monopolie in detail. (26 punte)**
- **Hoe lewer die bestaan van monopolieë 'n uitdaging aan die verskeie deelnemers in die ekonomie? (10 punte)**

**INLEIDING**
Monopolieë ontstaan waar daar slegs een verkoper van 'n produk is, waar die produk geen naby substitute het nie en waar toegang tot die mark volkome geblokkeer is.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Max. 2)**

**INHOUD: HOOFDEEL**

**Aantal firmas /besighede**✓
- Die monopolis is die enigste verskaffer van 'n produk in die mark.✓✓
- Die monopolie verteenwoordig ook die totale nywerheid soos De Beers en Eskom.✓✓

**Aard van produk** ✓
- Die produk is uniek en het geen nabye plaasvervangers nie wat verbruikers se keuse beperk ✓✓
- Die produk het 'n relatief onelastiese vraag wat beteken dat die hoeveelheid gevra minder reageer op prysveranderings. ✓✓

**Marktoetrede** ✓
- Marktoetrede verwys na hoe maklik of moeilik dit vir besighede is om die mark te betree of te verlaat. ✓✓
- Marktoetrede in 'n monopolie mark is totaal/volkome geblokkeer. ✓✓
- Die rede waarom ander produsente nie dieselfde produk as die monopolie kan verskaf nie, is dat daar hindernisse is wat hulle verhoed om die produkmark te betree, ✓✓ soos hoë ontwikkelingskoste, beperkte grootte van die mark, eksklusiewe eienaarskap van grondstowwe , patente, lisensiëring, alleenregte, invoerbeperkings. ✓
- Hierdie hindernisse kan in twee hoofgroepe verdeel word:
  **Natuurlike monopolieë.** ✓
- Hoë ontwikkelingskoste is dikwels 'n rede vir die bestaan van natuurlike monopolieë ✓✓
- Die voorsiening van elektrisiteit is 'n voorbeeld van natuurlike monopolie omdat die bou van kragstasies en transmissielyne om elektrisiteit te versprei miljarde rande kos. ✓✓
- Natuurlike monopolieë word gereeld deur die regering besit of gereguleer en kan die hele mark teen 'n laer prys bedien as twee of meer besighede saam. ✓✓
  **Kunsmatige monopolieë.** ✓
- Kunsmatige monopolieë bestaan as gevolg van hindernisse tot toetrede is nie ekonomies van aard so 'n patent nie. ✓✓
- 'n Patent is die wetlike en eksklusiewe reg van 'n patenthouer om 'n produk te

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP
MLL

vervaardig deur sy of haar unieke uitvinding te gebruik. ✓✓

- Lisensies beskerm operateurs teen die toetrede van mededingers en is nog 'n manier waarop 'n kunsmatige monopolie kan bestaan. ✓✓
- In Suid-Afrika word lisensies vereis vir radio- en TV-uitsendings, telefoon- en selfoonkommunikasienetwerke, en kommersiële produksie van elektrisiteit✓✓

**Beheer oor prys** ✓

- 'n Monopolis het volle beheer oor die markprys en word as 'n prysmaker beskou.✓✓
- Monopolis kan op die vraagkromme besluit oor prys-hoeveelheid kombinasie, wat hom die beste pas. ✓✓
- Daar is altyd die moontlikheid van verbruikersuitbuiting omdat 'n monopolis die enigste verskaffer van 'n produk is. ✓✓
- 'n Monopoliebesigheid kan uitset of aanbod van die produk beperk om hoër prys te vra. ✓✓
- Dit word egter dikwels beperk deur die markaanvraag aangesien monopolis nie beheer oor vraag het nie. ✓✓
- Verbruikers het beperkte begrotings en 'n monopolie kan dus nie buitensporige pryse vir sy produk eis nie. ✓✓
- Die monopolis se produk moet om verbruikers se guns (en geld) meeding met al die ander produkte wat in die ekonomie beskikbaar is. ✓✓

**Markinligting** ✓

- Alle kopers en die enkele verkoper het volle kennis van die huidige marktoestande.✓✓
- Dit impliseer dat daar 'n hoë mate van deursigtigheid in die monopolie is aangesien daar geen aansporing vir die monopolie is om inligting vir verbruikers weg te steek nie✓✓

**Vraagkromme** ✓

- 'n Monopolis word gekonfronteer met 'n normale vraagkromme wat afwaarts neig van links na regs. ✓✓
- Die vraagkromme is relatief onelasties omdat die produk geen nabye plaasvervangers het nie. ✓✓
- Vraagkromme vir 'n monopolie is gelyk aan sy gemiddelde inkomstekromme. ✓✓
- Vir elke bykomende eenheid wat deur 'n monopolie verkoop word, is marginale inkomste minder as die prys, dus lê marginale inkomste-kromme onder die vraagkromme. ✓✓

**Ekonomiese wins/verlies** ✓

- 'n Monopolis kan op korttermyn 'n ekonomiese wins of ekonomiese verlies verdien.✓✓
- As 'n monopolie op korttermyn ekonomiese verlies maak, sal dit 'n nuwe produksie-aanleg bou wat ekonomiese wins op die langtermyn lewer. ✓✓
- As 'n monopolie op korttermyn ekonomiese wins maak, sal dit sy produksieskaal of kapasiteit uitbrei om meer ekonomiese wins op die langtermyn te maak. ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP MLL

**Besluitneming ✓**

- 'n Monopoliebesigheid neem onafhanklik besluite omdat daar geen mededingers is nie ✓✓
- 'n Monopolie se besluite kan egter deur regeringswette en regulasies beïnvloed word, ✓✓ Eskom se besluite word byvoorbeeld deur NERSA beïnvloed ✓

**Samespanning✓**

- Samespanning is irrelevant omdat daar een besigheid in die mark is. ✓✓

**Produktiewe en toedelingsdoeltreffendheid ✓**

- 'n Monopolie bereik nie produktiewe doeltreffendheid nie omdat uitset geproduseer word sonder om die gemiddelde koste te minimaliseer. ✓✓
- Daar is toedelingsondoeltreffendheid omdat die uitset wat deur 'n monopolie geproduseer word nie ooreenstem met die hoeveelheid wat deur verbruikers gevra word nie. ✓✓
- Monopolie produseer uitsetvlak waar die prys bo die marginale koste is ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**(Ken 'n maksimum van 8 punte vir opskrifte en voorbeelde toe) (Maks. 26)**

**ADDISIONELE DEEL**

- Monopolieë produseer op 'n vlak waar pryse die marginale koste oorskry daardeur hoër pryse bo die markewewig vra.✓✓
- Hindernisse tot toegang verhoed nuwe besighede om die nywerheid te betree verstikkende mededinging en los verbruikers met beperkte keuses.✓✓
- Verbruikers word deur monopolieë gemanipuleer deur aggressiewe advertensie te gebruik om valse behoeftes te skep om verbruikers voor te skryf wat om te koop.✓✓
- Markmislukking ontstaan as monopolieë verbruikersurplus verminder daardeur minder verbruikers in staat te stel om goedere en dienste te koop.✓✓
- Verbruikers kan verplig word om hoë pryse te betaal vir ondergeskikte kwaliteit goedere omdat naby substitute nie beskikbaar is nie.✓✓
- Monopolieë verhoog die lewenskoste vir verbruikers deur hoë pryse te vra in 'n poging om hoë wins te handhaaf.✓✓
- Owerheid is verplig om beleide te implementeer wat die bedrywighede van monopolieë reguleer om hulle te verhoed om hul markkragte uit te buit.✓✓
- Tekort aan mededinging mag tot lae kwaliteit en verouderde goedere en dienste vir verbruikers lei.✓✓
- Monopolieë skep 'n tekort aan goedere en dienste in die mark wat lei tot toedelingsondoeltreffendheid.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**(Ken 'n maksimum van 2 punte vir opskrifte en voorbeelde toe) (Maks. 10)**

**SLOT**

'n Monopolie misluk om beide produktiewe- en toedelingsdoeltreffendheid te bereik omdat hulle nie teen die laagste moontlike gemiddelde koste produseer nie en nie teen optimum- uitsetvlak produseer.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte hoërorde slot) **(Maks. 2)** **[40]**

NP MLL

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail enige VYF omgewingsprobleme en die internasionale maatreëls wat geneem is om hierdie uitdagings te hanteer. (26 punte)**
- **Hoe kan beskerming en bewaring help om te verseker dat die omgewing volhoubaar is? (10 punte)**

**INLEIDING**
Omgewingsvolhoubaarheid is die vermoë van die omgewing om sy gebruik vir ekonomiese aktiwiteite te oorleef/Omgewingskwessies is globale kwessies soos besoedeling wat die omgewing en natuurlike hulpbronne beïnvloed. ✓✓ **(Maks. 2)**
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding)

**INHOUD: HOOFDEEL**
**Biodiversiteitsverlies**✓

- Die diversiteit van spesies in die wêreld verminder vinnig as gevolg van uitwissing en hierdie proses in onomkeerbaar. ✓✓
- Moderne tegnieke soos gene-oorplanting kan help om die verlies van spesies te beperk. ✓✓
- Die Konvensie oor die Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (CITES) verbied die handel in bedreigde plant- en dierspesies. ✓✓
- Monitering en regulering van handel in bedreigde spesies word uitgevoer deur permitte en kwotas in Suid-Afrika te gebruik. ✓✓

**Chemiese afval**✓
- Chemiese afval is giftig en hul effek op 'n organisme kan tot dood of onvrugbaarheid lei. ✓✓
- Chemiese afval moet versigtig bestuur word om te verseker dat dit nie in die grondwater lek nie. ✓✓
- Die Stockholm-protokol verbied twaalf van die dodelikste vervaardigde chemikalieë✓✓
- Die Rotterdamse Konvensie beskerm lande wat nie voldoende infrastruktuur het om die invoer en uitvoer van gevaarlike chemikalieë te monitor nie. ✓✓

**Gevaarlike afval**✓
- Gevaarlike afval is meer as 'n chemiese afval en dit sluit in giftige metaalafval soos lood. ✓✓
- Gevaarlike afval het 'n stadige ontbindingsproses-koers (bly giftig vir 'n lang tyd).✓✓
- Gevaarlike afval kan alle vorm van lewe en die hele ekosisteem in gevaar stel. ✓✓
- Die Basel Konvensie oor die beheer van oor-grensbeweging van gevaarlike afval laat handel tussen lande wat die konvensie onderteken het, toe. ✓✓

**Klimaatsverandering** ✓
- 'n Opbou van sekere uitlaatgasse soos koolstofdioksied in die atmosfeer veroorsaak die hitte om vasgevang te word in die atmosfeer, wat tot aardverwarming lei. ✓✓
- Effek van klimaatveranderinge sluit in verandering in temperatuur en weerpatrone wat tot verwoesting van plant en dier inwoners mag lei. ✓✓
- Kyoto Protokol was as 'n ooreenkoms geteken waarin kweekhuisgasse vrystellingsvlakke vir ontwikkelde lande ooreengekom was. ✓✓
- Die Verenigde Nasies se Raamwerk Konvensie oor Klimaatverandering (VNRKK) het doelwitte gestel om kweekhuisgasse te verminder. ✓✓

NP MLL

**Verlies aan inheemse kennis** ✓
Die verlies van inheemse kennis oor die natuurlike omgewing mag tot gevolg het dat

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09

- inheemse mense hul manier om 'n lewe te maak verloor. ✓✓
- Inheemse mense gebruik organiese metodes en natuurlike prosesse om die omgewing te hanteer, en hierdie kennis mag vir toekomstige generasies verlore wees. ✓✓
- Plaaslike kapasiteitsbou is belangrik want dit kan inheemse mense help om meer van die omgewing te leer verby hul tradisionele lewenswyse en ervaring. ✓✓
- UNESCO se bestuur van sosiale transformasieprogram (MOST) is 'n wêreldwye poging om plaaslike / inheemse kennis te dokumenteer voordat dit vir ewig verlore gaan. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord en oorweeg ook die maatreëls)

**('n Maksimum van 8 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

**(Aanvaar ander vername omgewingskwessies soos besoedeling en ontbossing)** **(Maks. 26)**

**ADDISIONELE DEEL**

**Beskerming en bewaring kan help om te verseker dat die omgewing as volg volhoubaar is:**

- Beskerming in Suid-Afrika kan 'n volhoubare omgewing verseker deur 'n balans in die ekosisteem te bring soos diere en plante interaksie het.✓✓
- Vermindering die hoeveelheid van kweekhuisgasse wat die atmosfeer bereik daardeur aardverwarming te verminder.✓✓
- Beskerming sal bestuur van natuurlike hulpbronne verseker om toekomstige generasies te bevoordeel. ✓✓
- Gebruik water verstandig, soos dit basis is vir plant en dier voortbestaan, verskeie plaaslike munisipaliteite het beperkinge op waterverbruik ingestel om beskerming te verseker.✓✓
- Hergebruik, vermindering en herwinning sal mense maak om minder hulpbronne te gebruik en produksie van dinge soos plastiek kan daal. ✓✓
- Vasstel van kwotas vir visvang deur owerheid, om vangs wat so groot is dat dit die groei van die visbevolking oorskry, stop te sit. ✓✓
- Vasstel van kwotas vir afkap van bome om te verseker dat ontbossing nie die vereiste skaal oorskry nie.✓✓
- Verseker beskikbaarheid van voedselsekuriteit en volhoubaarheid van diere en berge om meer toeriste te lok. ✓✓
- Natuurlike hulpbronne kan aan ander lande verkoop word om buitelandse valuta te verkry wat gebruik kan word om invoere te finansier. ✓✓
- Bewaring verseker omgewingsvolhoubaarheid deur terreine te beskerm wat kulturele betekenis het deur hulle as erfenisterreine te klassifiseer. ✓✓
- Die owerheid kan ingryp om die omgewing te bewaar deur natuurlike bates te koop, beslag te lê en te onteien. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** **(Maks 10)**

**('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

**SLOT**

Die sukses om die omgewing te beskerm sal 'n verenigde poging van verbruikers, besighede en owerhede neem. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte hoërorde slot) **(Maks. 2)** **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 150**

NP MLL

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -06- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE